

257/87

N v H

GENERAL ACCIDENT VERSEKERINGSMAATSKAPPY

SUID-AFRIKA BEPERK

en

PIETER BAILEY N O

SMALBERGER, AR :-

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

GENERAL ACCIDENT VERSEKERINGSMAATSKAPPY

SUID-AFRIKA BEPERK

Appellant

en

PIETER BAILEY N O

Respondent

CORAM:

RABIE, Wn HR, JANSEN, VAN HEERDEN,
SMALBERGER, et KUMLEBEN, ARR

VERHOORDATUM: 20 MEI 1988

LEWERINGSDATUM: 1 JUNIE 1988

U I T S P R A A K

SMALBERGER, AR :-

In hierdie appèl ontstaan die volgende

vraag: waar die bedrag skadevergoeding wat deur h

verhoorhof /

verhoorhof toegestaan is op appèl gewysig word (hetsy deur die bedrag te verminder of te vermeerder), word rente op die veranderde bedrag (die vonnisskuld) bereken vanaf die datum van die uitspraak van die verhoorhof, of die datum van die hof van appèl se uitspraak?

Die agtergrond tot die onderhawige appèl is soos volg. Op 26 Desember 1978 is die respondent se minderjarige dogter, Danderine, deur 'n motorvoertuig omgery en ernstig beseer. Die betrokke voertuig was deur die appellant verseker kragtens die bepalinge van die Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering, 56 van 1972. Die respondent, hoofsaaklik in sy hoedanigheid as vader en natuurlike voog van Danderine, het die appellant in die

Provinsiale /

Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop vir skadevergoeding aangespreek. Op 9 November 1981 het VOS, R, 'n bedrag van R118 696-00 as skadevergoeding toegeken. Teen die quantum van hierdie toekenning het die appellant in hoër beroep na hierdie Hof gekom. Die appèl het geslaag, en die bedrag skadevergoeding is verminder na R93 000-00 (plus R12-00 mediese koste, wat nie in geskil was nie). Die datum van hierdie Hof se uitspraak was 30 September 1983.

Die uitspraak is gerapporteer - kyk Southern Insurance Association Ltd v Bailey N O 1984(1) SA 98 (A). Die vervangde bedrag is binne 14 dae vanaf die datum van hierdie Hof se uitspraak betaal; die appellant het egter geweier om enige rente daarop te betaal.

Die /

Die appellant se weiering om rente te betaal
 het aanleiding gegee tot 'n aansoek deur die respondent,
 in die Provinsiale Afdeling Kaap die Goeie Hoop, om betaling
 van rente op die bedrag van R93 012-00 vanaf 14 dae na
 die datum van die uitspraak van VOS, R, tot datum van beta=
 ling van die betrokke bedrag. Die aansoek is gedoen
 kragtens die voorskrifte van artikel 2(1) van die Wet op die
 Voorgeskrewe Rentekoers, 55 van 1975, wat soos volg lui:-

"Elke vonnisskuld wat
 nie na die datum van die vonnis of bevel uit
 hoofde waarvan dit verskuldig is rente sou
 dra nie, dra rente vanaf die dag waarop dié
 vonnisskuld betaalbaar is, tensy daardie
 vonnis of bevel anders bepaal."

Die respondent het beweer dat die vonnisskuld (soos deur
 hierdie Hof op appèl bepaal) regtens betaalbaar was binne

14 dae /

14 dae vanaf die datum van VOS, R, se uitspraak. Die
 aansoek is deur die appellant bestry. Die appellant se
 standpunt was dat die vonnis skuld slegs betaalbaar was
 binne 14 dae vanaf die uitspraak van hierdie Hof, en ge-
 volglik nie rente gedra het nie omdat betaling binne dié
 tydperk geskied het. Dit was gemene saak dat die rente=
 koers op die betrokke tydstip 11% was, en dat die bedrag
 rente in geskil R18 948-96 beloop het.

BURGER, R, het die respondent se aansoek
 toegestaan om redes wat blyk uit sy uitspraak wat gerappor-
 teer is as Bailey N O v General Accident Insurance Co Ltd
 (voorheen Southern Insurance Association Ltd) 1987(2)
 SA 702 (K). Hy het gevolglik die appellant gelas om:

"(1) Die /

- "(1) Die bedrag van R18 948-96 te betaal,
asook
- (2) rente a tempore morae vanaf 12 Oktober
1983 tot datum van betaling teen 11%
en
- (3) gedingskoste."

Verlof tot appèl is deur BURGER, R, verleen onderhewig
aan sekere voorwaardes. Aangesien die appellant nie met
die voorwaardes gediend was nie, is aansoek om verlof om
appèl aan te teken aan hierdie Hof gerig, welke verlof
onvoorwaardelik toegestaan is.

Soos alreeds aangedui, dra elke vonnisskuld
rente, luidens artikel 2(1) van Wet 55 van 1975, "vanaf die
dag waarop die vonnisskuld betaalbaar is". Die vraag
ontstaan, wanneer is 'n vonnisskuld betaalbaar? In die

gewone /

gewone gang van sake is dit betaalbaar op die datum
wanneer dit deur die uitspraak van die verhoorhof bepaal
word. Waar geen appèl aangeteken is nie dra die vonnis=
skuld gevolglik rente vanaf datum van uitspraak (tensy die
hof se bevel anders bepaal) - onderhewig egter aan die
voorskrifte van Artikel 21 (1A) van Wet 56 van 1972.
Indien daar appèl teen die uitspraak aangeteken word (hetsy
teen die bevindings op die meriete, of die bedrag toegeken,
of albei), word die inwerkingtreding en tenuitvoerlegging
van die verhoorhof se bevel opgeskort hangende die beslis=
sing op appèl (Reid and Another v Godart and Another 1938
AD 511), tensy die teendeel gelas word. As die appèl af=
gewys word, verval die opskorting. Mnr. Scholtz, namens

die /

die appellant, gee toe dat in so 'n geval, waar die vonnis onveranderd of wesenlik onveranderd bly (maar alleenlik in so 'n geval), rente op die vonnis skuld betaalbaar is vanaf die datum van die verhoorhofspraak. As rede hiervoor voer hy aan dat die afwysing van die appèl daarop neerkom dat die hof van appèl die uitspraak van die verhoorhof bekragtig as korrek van meet af aan. Dit stel nie 'n nuwe vonnis daar nie. In teenstelling hiermee betoog Mnr Scholtz dat waar die appèl slaag en die bedrag van die vonnis skuld gewysig word, hetsy deur dit te verminder of te vermeerder (bv in die geval waar die eiser geslaagd appelleer teen die quantum van die toegestane bedrag), daar in albei gevalle 'n "nuwe" vonnis skuld ontstaan

wat /

wat alleenlik betaalbaar is vanaf die datum van uitspraak van die hof van appèl.

Die logiese uitvloeisel van hierdie betoog kan tot absurde en onbillike gevolge lei. Om maar enkele daarvan te noem. Sou 'n eiser suksesvol teen die quantum van skadevergoeding wat toegestaan is, appelleer, en die bedrag daarvan word verhoog, verloor hy die rente wat hy op die aanvanklike bedrag wat deur die verhoorhof aan hom toegeken is, sou ontvang het as hy nie appèl aange=teken het nie - omdat daar nou kwansuis 'n "nuwe" vonnis is. Hierdie verlies van rente, oor die tydperk tussen die uitsprake van die verhoorhof en die hof van appèl, kan in 'n bepaalde geval die voordeel van die geslaagde appèl heeltemal

ongedaan /

ongedaan maak. Word die bedrag toegeken op appèl

verminder, vanweë h geslaagde appèl deur die verweerder,

verloor die eiser ook alle rente cor die tussentydperk,

selfs op die verminderde bedrag. Insgelyks, waar in h

derdeparty-aksie die quantum van die eiser se skade nie

in geskil is nie, maar die verweerder slaag op appèl

met h verweer van bydraende nalatigheid aan die kant van

die eiser, en die bedrag van die eiser se skade word

dienooreenkomstig verminder, sou die eiser rente op

die verminderde bedrag ontnem word. Sulke onbillikhede

druis in teen die oorheersende beginsel m b t die betaling

van rente, nl om h eiser te vergoed omdat geld wat hom

toekom van hom weerhou is deur die verweerder wat intussen

die /

die voordeel daarvan geniet.

Die basiese denkfout in Mnr Scholtz se

benadering is om die uitspraak van die hof van appèl, waar

dit die verhoorhof se bevel wysig, as 'n "nuwe" vonnis te

beskou. Luidens artikel 22(b) van die Wet op die Hoog=

geregshof, 59 van 1959, is 'n hof van appèl bevoeg "om die

uitspraak of bevel wat die onderwerp van die appèl is, te

bevestig, te wysig of ter syde te stel, en om enige uitspraak

te gee of bevel uit te vaardig wat die omstandighede vereis".

In die praktyk kom dit daarop neer dat die hof van appèl

sy uitspraak stel in die plek van dié van die verhoorhof -

hy gee die uitspraak wat die verhoorhof in die eerste instan=

sie moes gegee het. Vandaar die gebruik om die bevel van

die /

die verhoorhof te vervang met dié van die hof van appèl -

kyk bv die bevel wat in die Bailey N O Appèlhofbeslissing

gemaak is (1984 (1) 98 op 121 A). Dit is nie 'n "nuwe"

vonnis nie, asof 'n hof van appèl 'n hof van eerste instansie

is (wat nie die geval is nie), maar die gewysigde vonnis van

die verhoorhof, d w s die vonnis wat die verhoorhof moes

gegee het. Daardie vonnis moet gereken word om van krag

te wees vanaf die datum wanneer die verhoorhof uitspraak

gegee het, m a w dit het terugwerkende krag tot die datum

van die verhoorhof se uitspraak - juis omdat dit die vonnis

is wat die verhoorhof moes gegee het. Dat dit nog altyd

so ingesien is, blyk, ten minste by duidelike implikasie, uit

uitsprake van o a hierdie Hof beide voor en na die inwerk=

ingtrekking /

ingtreëding van artikel 2(1) van Wet 55 van 1975.

In Russel, N O and Loveday, N O v Collins

Submarine Pipelines Africa (Pty) Ltd 1975 (1) SA 110 (A)

is vonnis ten gunste van die respondent teen die twee

appellante ten bedrae van R547 549,44 en R1 000 000 onder=

skeidelik in die Plaaslike Afdeling Durban en Kus toegeken.

Die aksie het voortgespruit uit die bepalings van 'n sekere

versekeringsooreenkoms. Die eerste appellant se appèl

is gehandhaaf, en die omvang van sy aanspreeklikheid is

verminder na R167 142,71. Hierdie Hof het gelas dat

rente op daardie bedrag betaal moet word vanaf die datum

van die verhoorhof se uitspraak (op 160 D). Russell se

saak was beslis voor die inwerkingtreëding van Wet 55 van

1975/.....

1975, maar kragtens die gemene reg was h vonnissskuldeiser geregtig op die betaling van rente, mits hy dit in die verhoorhof geëis het (op 156 G). Artikel 2(1) van Wet 55 van 1975 beliggaam die gemeenregtelike posisie behalwe dat h vonnissskuldeiser nou rente ontvang op die vonnissskuld sonder dat dit nodig is om dit pertinent te eis. Die onderhawige geval, in soverre dit ook gaan oor h vonnissskuld wat op appèl verminder is, is in wese nie te onderskei van Russell se saak nie, wat erkenning verleen aan die beginsel dat waar die verhoorhof se uitspraak gewysig word, die hof van appèl sy uitspraak stel in die plek van dié van die verhoorhof, en dat dit vanaf die datum van uitspraak van die verhoorhof geld; m a w dit geld ex tunc, nie ex nunc nie.

Holmdene /

Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Co

Ltd 1977(3) SA 670 (A) op 692 F kom op dieselfde neer,,

ofskoon die saak te onderskei is omdat die appèl afgewys

is. Ander gevalle waar rente vanaf die datum van die

verhoorhof se uitspraak toegestaan is ondanks wysiging van

die verskuldigde bedrag op appèl, is AA Mutual Insurance

Association Ltd v Nomeka 1976(3) SA 45 (A) op 57 B (ooreen=

gekome bedrag van skadevergoeding op appèl verminder omdat

die eiser bevind was bydraend nalatig te gewees het);

Esso Standard SA (Pty) Ltd v Katz 1981(1) SA 964 (A) op

973 H (vermindering op appèl van die bedrag skadevergoeding

toegestaan deur die verhoorhof); Weber v Santam Verseker=

ingsmaatskappy Bpk 1983(1) SA 381 (A) op 402 H (bedrag

skade/.....

skadevergoeding toegeken deur die verhoorhof op appèl verhoog omdat die verhoorhof fouteer het deur bydraende nalatigheid aan die kant van die eiser se minderjarige kind te bevind).

Op genoemde grondslag word "die dag waarop die vonnis skuld betaalbaar is" die dag waarop die verhoorhof se uitspraak gegee is, ongeag of die vonnis op appèl vervang of gewysig is, en die uiteindelijke vonnis skuld dus eers op appèl bepaal is. Dit veronderstel (1) dat quantum in geskilpunt by die verhoor was en uitspraak daarvoor gegee is, of gegee moes gewees het, of (2) dat daar voor of tydens die verhoor op quantum ooreengekom is, en dat die vonnis daarvoor voorsiening gemaak het, of moes

gemaak /

gemaak het. 'n Geval van (1) sou wees waar in 'n derdeparty-aksie beide meriete en quantum in geskil is, maar die eiser op die meriete in die verhoorhof verloor om dan later op appèl te slaag - quantum was altyd 'n geskilpunt, en wanneer die hof van appèl die quantum bepaal, word sy beslissing hieromtrent geag dié te wees van die verhoorhof.

A fortiori sou hierdie situasie geld waar quantum op appèl òf verminder òf vermeerder word. 'n Geval van (2) sou wees waar die feite dieselfde is as (1) maar quantum vooraf op ooreengekom is en dus nie by die verhoor in geskil is nie. Wanneer die eiser op appèl op die meriete slaag, reflekteer die vervangde uitspraak die ooreengekome quantum, en die vonnis skuld wat dienooreenkomstig bepaal

word /

word, word geag dié van die verhoorhof te wees. Die vraag ontstaan of die posisie anders sou wees waar by n verhoor alleenlik die meriete van n eiser se eis in geskil is en daar nog nie op quantum ooreengekom is nie. Dit is egter nie nodig om op hierdie vraag in te gaan nie.

Die gevolgtrekking waartoe ek geraak, is dat die verhoorhof se uitspraak van 9 November 1981, waarkragtens skadevergoeding ten bedrae van R118 696-00 aan die respondent toegestaan is, vervang is deur die uitspraak van hierdie Hof op 30 September 1983 wat die skadevergoeding na R93 012-00 verminder het; dat hierdie Hof se uitspraak in die plek gestel is van dié van die verhoorhof; dat die vonnisskuld van R93 012-00 die bedrag verteenwoordig wat

die /

die verhoorhof moes toegestaan het; en dat dit geag moet word betaalbaar te wees vanaf die datum van die verhoorhof se uitspraak, en gevolglik rente van daardie datum af dra.

Dit dien daarop gelet te word dat dit nie hier gaan oor die beginsel neergelê in sake soos Victoria Falls and Transvaal Power Co Ltd v Consolidated Langlaagte Mines Ltd 1915 AD 1

op 32 dat rente nie betaalbaar is op 'n ongelikwideerde bedrag nie, en dus nie betaalbaar is voordat skadevergoeding finaal bepaal is nie. Dit gaan hier oor die uitwerking van 'n uitspraak op appèl, en die toepassing van die bepalings van artikel 2(1) van Wet 55 van 1975 in so 'n geval.

Hierdie gevolgtrekking is nie in ooreenstemming nie met sekere dicta in die saak van Borthwick v The Elderslie

Steamship /

Steamship Company Limited (No 2) (1905) 2 KB 516 waarna

Mnr Scholz ons verwys het. In die loop van sy uitspraak

sê COLLINS, MR o a "the judgment of the Court of Appeal is

a judgment of the date on which it was given" en "(t)he

judgment is not ipso facto antedated by reason that it is

substituted for the judgment in the Court below" (op 519).

ROMER, LJ, beslis dat "it cannot, I think, be properly said

that the judgment of the Court of Appeal must be regarded

for all purposes as if it had been the judgment given by

the judge in the Court below. The judgment in favour of

the plaintiff must be treated as of the date on which it

was given in the Court of Appeal, subject to the right of

that Court to antedate its judgment" (op 521). Hierdie

beslissing /

beslissing is egter gegrond op die reëls (Orders) en praktyk van die Engelse howe, en die prosesregtelike gevolge daarvan, wat moontlik van ons eie mag verskil.

Insiggewend is die feit dat daar nie aan die beginsels van die Borthwick-saak uiting gegee is nie in die saak van Cook v J L Keir and Co Ltd (1970) 2 ALL ER 513 (CA).

In daardie saak is die skadevergoeding wat aan die eiser vir persoonlike beserings toegeken is op appèl verhoog.

Sonder enige verwysing na Borthwick se saak verklaar Lord

Denning MR (op 515) dat "(t)he increase of £5456 dates back to the date of the judge's judgment on 25th March 1969"

en gelas dat rente van laasgenoemde datum sal loop.

Hierdie benadering is in ooreenstemming met my siening van

ons /

ons regsposisie in dië verband. Borthwick se saak is moontlik van die onderhawige te onderskei, maar in soverre dit nie die geval is nie, moet die aangehaalde dicta as in stryd met ons regsposisie beskou word.

Soos aangedui, het die hof a quo gelas dat rente a tempore morae vanaf 12 Oktober 1983 (synde die datum van aanmaning) op die bedrag van R18 948-96 deur die appellant betaal moet word. Mnr McClarty, namens die respondent, het toegegee dat die respondent nie geregtig

is op /

is op rente vanaf datum van aanmaning nie, maar slegs vanaf die datum van die uitspraak van die hof a quo (7 Augustus 1986). Hierdie toegewing is reeds in die respondent se betoogshoofde gemaak. Mnr Scholtz aanvaar dat rente deur die appellant betaalbaar is vanaf daardie datum. Dit is nie nodig dat ek my oor die korrektheid al dan nie van die toegewing uitlaat nie (maar vgl Davehill (Pty) Ltd and Others v Community Development Board 1988(1) SA 290 (A) op 298 I.), aangesien die respondent net vir rente vra vanaf 7 Augustus 1986. Die partye is dit eens dat die verandering wat dit aan die hof a quo se bevel meebring nie enige uitwerking het op die koste van appèl nie.

Die /

Die appèl word afgewys, met koste.

Paragraaf (2) van die bevel van die hof a quo word

gewysig om te lees:-

"(2) Rente a tempore morae op die bedrag
van R18 948-96 vanaf 7 Augustus 1986
tot datum van betaling teen 11% per
jaar."

J W SMALBERGER

APPÈLREGTER

RABIE,	Wn HR	)	
JANSEN,	AR	)	
VAN HEERDEN,	AR	)	STEM SAAM
KUMLEBEN,	AR	)	